BYBELSTUDIE OPENBARING LES 15 [4:6-11].

Na die indringende briewe van Christus aan sy kerk, kom ons in Openbaring 4 by 'n "nuwe begin". Ons kry saam met Johannes weer 'n gesig [soos in Openbaring 1] en hierdie keer is dit 'n toneel in die hemelhof [4 en 5]. Met hierdie aangrypende gesig sê Openbaring vir sy lesers dat God en Jesus Christus steeds in beheer van alles is en dat die Here omgee vir hulle wat aan Hom behoort. In Openbaring 4 word God as die God van die skepping uitgebeeld en in Openbaring 5 as die God van die verlossing.
Die gesig van die hemelhof waar God deur lofliedere as Skepper en Verlosser vereer word, dien ook as inleiding vir die opening van die sewe seëls [6-8], wat weer die inleiding is vir die afloop van die eindgebeure tot by die wederkoms van Christus. Daarom neem hoofstukke 4 en 5 'n sentrale plek in die Openbaring aan Johannes in. Dit ontsluit die aanloop tot die slotgebeure.

OPENBARING LES 15: 4:6-11.

1. LEES: Openbaring 4:6a; Job 38:8-11; Psalm 74:13-14; 104:6-9; Jesaja 51:9-10, Openbaring 21:1.
   Johannes sien voor die troon iets "soos 'n spieëlgladde see, helder soos kristal". Lees bogenoemde skrifgedeeltes en verduidelik in die lig daarvan hierdie beeld wat Johannes gesien het.

2. LEES: Openbaring 4:6b,7; Esegiël 1:5-6; 10-11; Jesaja 6:2.
   Noem die vier lewende wesens waarvan hier sprake is.
   Wat verteenwoordig die vier lewende wesens?

3. LEES: Openbaring 4:6b en 10a.
   Volgens hierdie verse is twee instansies besig om God deurlopend te aanbid. Voltooi die volgende:

- Die vier lewende wesens verteenwoordig die:

- Die 24 ouderlinge verteenwoordig die:

4. LEES: Openbaring 4:8 [Lied van die vier lewende wesens – skepping].
   Openbaring 4:11 [Lied van die 24 ouderlinge – kerk].
   Lees die inhoud van die liedere aandagtig deur. Lied op veral die volgende onderskeie woorde: HY wat.....[skepping] en
   U is waardig.....[kerk].
   Wat is so besonders/verskillend van hierdie twee aanhalings?

5. LEES: Openbaring 4:8,11; 5:9-10,12; 5:13.
   In hierdie skrifgedeeltes vind ons vyf liedere [beurtsange]. Aan wie word elkeen gewy?

6. LEES: Openbaring 4:8.
   Lees die loflied en verduidelik kortliks die inhoud daarvan.

7. LEES: Openbaring 4:11.
   Lees die loflied en verduidelik kortliks die inhoud daarvan.

ANTWOORDE.

1. Die see is dikwels in die Bybel die simbool van weerstand teen God. Ook van die chaosmagte of die nasies wat teen Hom in opstand is. In Openbaring 21:1 lees ons dat daar op die nuwe aarde geen see meer sal wees nie. Dit dui daarop dat alle weerstand teen God – waarvan die see simbool was – weggevee is. So dui die spieëlgladde see daarop dat alle weerstand deur God weggevee is. By Hom heers daar rus en vrede.
2. Leeu, bul, gesig soos dié van 'n mens, arend.
   Verskillende verklarings van hierdie figure is al deur die eeue heen gegee. Die mees aanvaarbare uitleg is dié van die Joodse rabbi's wat Esegiël se beelde soos volg verstaan het:
   Die leeu is die sterkste van die wilde diere, die bul is die sterkste van die mak diere, die arend is die sterkste van die voëls en die mens die magtigste van alles wat geskape is. So stel die vier lewende wesens van Openbaring 4 dan die hele lewende skepping voor. Hulle tree op soos engele [vgl. Jes.6:2], staan digby God en is in sy diens.
3. Die vier lewende wesens verteenwoordig die ***hele skepping***.
   Die 24 ouderlinge verteenwoordig die ***volle kerk***.
4. Let op die indirekte wyse waarop die skepping God loof [Hy wat....] teenoor die direkte wyse waarop die kerk die Here loof [U is waardig....].ons ken Hom mos persoonlik, wat nie van die res van die skepping geld nie.
5. Die eerste twee [4:8,11] word aan God gewy.
   Die volgende twee [5:9-10,12] word aan Jesus Christus, die Lam gewy.
   Die laaste een [5:13] word aan die Vader en die Seun gesamentlik gewy.`
6. Hulle besing die heiligheid, almag en ewigheid van God. God is heeltemal anders. Hy is heilig omdat Hy as Skepper nie met sy skepping gelykgestel kan word nie. Alhoewel Hy sê skepping onderhou, is Hy hoog verhewe bo wat Hy geskape het. Hy is ook Almagtig, wat beteken dat daar aan sy mag en krag nie grense is nie.
   Die derde eienskap van God wat besing word, is dat Hy die Een is *wat was en wat is en wat kom*. Dit is dieselfde titel wat in 1:4 en 8 gebruik word. God beheer die verlede, hede en toekoms. Samevattend word in 9a beklemtoon dat God vir altyd lewe. Hy self is nie onderhewig aan die wetmatigheid van lewe en dood wat Hy geskep het nie. Hy het altyd bestaan en sal altyd bestaan.
7. Die inhoud van die ouderlinge se lied fokus op God se waardigheid. Dit lê daarin opgesluit dat Hy alleen die Skepper is. Daarom ontvang Hy heerlikheid, eer en mag. Heerlikheid beskryf God se hemelse grootheid soos dit sigbaar geword het in sy skepping en verlossing. Heerlikheid en eer word saam gebruik om agting vir God uit te druk. Maar God het ook mag oor sy skepping. Dit beteken dat Hy vir altyd lewe en regeer.